



Verwysing: 20211129-8371
Lêerno: 12/16/8/R
Navrae: G de Bruyn

Kaapse Onderrig- en Leierskapinstituutminuut: 0007/2021

Aan: Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Hoofde: Subdirektorate en Afdelings (Hoofkantoor), Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Hoofde: Bestuur en Beheer, Kringbestuurders, Vakadviseurs en Prinsipale van openbare skole

Onderwerp: Kursusse vir onderwyserontwikkeling en webinars wat in 2022 by die Kaapse Onderrig-en Leierskapinstituut aangebied sal word

1. Die Kaapse Onderrig- en Leierskapinstituut (KOLI) sal weer eens óf tydens skoolkwartale óf gedurende skoolvakansies SARO-ondersteunde kursusse vir onderwyserontwikkeling en webinars vir prinsipale, adjunkprinsipale, departementshoofde en onderwysers aanbied (Bylae A).
2. Alle kursusse wat in 2022 deur die KOLI aangebied sal word, sal teen 30 November 2022 op die KOLI-webwerf beskikbaar gestel word: www.wcedctli.co.za.
3. Kursusse sal op verskillende wyses aangebied word en sluit in aanlyn betrokkenheid, sessies wat van aangesig tot aangesig is, of gemengde deelnames, d.w.s. 'n samesnoering van deelnames wat aanlyn en van aangesig tot aangesig aangebied word. Die toepaslike wyse word in Bylae A aangedui.
4. Weens die onvoorspelbaarheid van moontlike COVID-19-vlae gedurende 2022, word slegs kursusse vir Kwartaal 1 aanvanklik oorgedra. 'n Verdere bywerking van beskikbare kursusse vir die oorblywende deel van 2022 sal gedurende die eerste kwartaal van 2022 vrygestel word.
5. Onderwysers wat daarin belangstel om hierdie kursusse by te woon, moet via die KOLI-webwerf aanteken (die intekening- en registrasieproses word in Bylae B uiteengesit).
6. Waar kursusse van aangesig tot aangesig aangebied word, d.w.s. 10 dae aaneen, sal die Wes-Kaap Onderwysdepartement aflosonderwysers in diens neem vir die duur van kursusse wat gedurende skoolkwartale deur onderwysers by die KOLI bygewoon word, met dien verstande dat:
 - daar geen botallige onderwyser by die skool is nie;
 - die onderwyser nie deur die beheerliggaam betaal word nie; en

- die onderwyser nie reeds vir 'n ander onderwyser waarneem nie.
7. Dit is die skool se verantwoordelikheid om 'n geskikte afsonderwyser volgens paragraaf 6 vir die onderwyser wat die kursus bywoon, te vind en benoem.
 8. Die getal onderwysers wat sessies wat van aangesig tot aangesig is, bywoon, sal beperk word volgens COVID-19 se protokol oor lokaalruimte.
 9. Moet asseblief nie huiwer om met die volgende KOLI-programkoördineerders in verbinding te tree om meer inligting oor die KOLI-intervensies in 2022 te bekom nie:

Naam	Telefoonno.	Faksno.	E-pos
Kursusse en seminare vir skoolbestuur- en leierskapsontwikkeling			
Tamaryn Petersen	021900 5035	021900 5114	Tamaryn.Petersen@westerncape.gov.za
Brandon Jantjies	021900 5029	021900 5114	Brandon.Jantjies@westerncape.gov.za
Kursusse vir die grondslagfase en Taal en Wiskunde se webinars			
Magdalena Benn	021900 5016	086 6145151	Magdalena.Benn@westerncape.gov.za
Kursusse vir die intermediêre en senior fase en Taal en Wiskunde se webinars			
Natasha Fouché	021900 5018	086 4436276	Natasha.Fouche@westerncape.gov.za
Kursusse vir inklusiewe onderwys en die Taal- en Wiskunde-oplossings se webinars			
Liesl Robinson	021900 5020	021900 5013	Liesl.Robinson@westerncape.gov.za
IKT-integrasie-intervensies			
Christo Davids	021900 5021	086 7316833	Christo.Davids2@westerncape.gov.za

10. Bring asseblief die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle onderwysers.

GETEKEN: H MAHOMED

ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR

DATUM: 2021-12-03